

GOD DIE VADER

Deur Dr. Arnold G. Fruchtenbaum

INHOUD

INLEIDING	2
I. DIE VADERSKAP VAN GOD	2
A. Die Vader van die Messias.....	2
1. Die Vader se eniggebore seun.....	2
2. Erken deur die Vader.....	2
3. Erken deur Yeshua Self.....	3
4. Erken deur ander mense.....	3
5. Erken deur demone	3
B. Die Vader van die skepping	3
C. Die Vader van engele.....	3
D. Die Vader van alle mense.....	3
E. Die Vader van Israel	4
F. Die Vader van gelowiges	4
II. DIE WERKE VAN GOD DIE VADER	4

© 1985, 2005 Ariel Bedieninge.

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie manuskrip mag sonder die skriftelike toestemming van die publiseerders in enige vorm gereproduseer word nie, tensy in kort aanhalings in 'n oorsig of professionele werk. E-pos: Homeoffice@ariel.org • www.ariel.org
www.faithequip.co.za • info@faithequip.co.za
+27 (0) 21-913-4159 • Botrivierstraat 14, Proteavallei, Bellville, 7530
www.ariel.org • homeoffice@ariel.org

Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.

– Johannes 1:18

INLEIDING

Die leerstelling van die Drie-eenheid leer ons dat daar drie spesifieke Persone in die Godheid is. In die meeste studies oor die Bybel word daar meestal op twee van die Persone gefokus, naamlik God die Seun en God die Heilige Gees. Gevolglik het gelowiges dikwels 'n redelike vae idee van wie God die Vader is, wat Hy doen en waarvoor hy verantwoordelik is. In hierdie studie bespreek ons twee eienskappe van God die Vader: eerstens, die Vaderskap van God, en tweedens, die werke van God die Vader.

I. DIE VADERSKAP VAN GOD

Wat die eerste eienskap betref, onderskei ons tussen God se persoonlikheid en dié van die Seun en die Heilige Gees. Ons gaan ses aspekte van God se Vaderskap bespreek: die Vader van die Messias, die Vader van die skepping, die Vader van die engele, die Vader van alle mense, die Vader van Israel en die Vader van gelowiges.

A. Die Vader van die Messias

Die eerste aspek van God se Vaderskap wat ons bespreek is dat Hy die Vader van die Messias (Christus) is. God die Vader is ook die Vader van die Messias – dit wil sê Yeshua (Jesus) die Seun – en daar is vyf maniere waarop ons dit kan sien.

1. Die Vader se eniggebore seun

Eerstens weet ons dat God die Vader van die Messias is omdat die Seun die Vader se eniggebore Seun is. 'n Ander manier om dit te sê is dat Hy deur God 'gegeneer' is. Ons leer dit in die Ou Testament in Psalm 2:7: *Ek wil vertel van die besluit: Die Here het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer.* In die Nuwe Testament leer ons dit in Johannes 1:14: *En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.* In Johannes 1:18 lees ons: *Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.* Dit vind ons ook in Johannes 3:16–17: *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.* 'n Ander voorbeeld hiervan is te vinde in 1 Johannes 4:9: *Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.*

Die feit dat die Messias deur die Vader 'gegeneer' is, word dikwels verkeerd verstaan. Party groepe, veral kultusse wat verkondig dat Yeshua nie ewigdurend is nie, glo die woord 'gegeneer' beteken dat Jesus deur God die Vader geskep is. In der waarheid beklemtoon die woord 'gegeneer' Jesus se 'uniekheid' in die sin dat Hy die unieke Seun van God is, maar nie sy skepping nie.

God se Vaderskap het baie verskillende aspekte, maar daar is 'n uniekheid in sy verhouding met die Seun. Die woorde 'gegeneer' deur die Vader beteken nie Jesus is geskep deur God die Vader nie. Dit dui eerder daarop dat hul verhouding as Vader en Seun uniek is. Dit kan nie van alle verhoudings gesê word nie. God is die Messias se Vader omdat Hy die Messias gegeneer het. Dit beteken die Messias is die unieke Seun van God en dat daar 'n unieke verhouding tussen hulle is wat nie dieselfde is as ander vaders en seuns se verhoudings nie.

2. Erken deur die Vader

Die tweede manier waarop ons God se Vaderskap kan sien, is dat die Vader Self erken het dat Yeshua sy Seun is. Een voorbeeld daarvan is in Matthéus 3:17b, waar God die Vader vanuit die hemel sê: *Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het. God die Vader het Jesus as die Seun erken.*

3. Erken deur Yeshua Self

Die derde manier waarop ons God se Vaderskap kan sien, is dat die Seun erken het dat God die Vader sý Vader is (Matthéüs 11:27; Johannes 8:54; 14:12–13).

4. Erken deur ander mense

Die vierde manier waarop ons God se Vaderskap kan sien, is dat ander mense Jesus erken het as die Seun van sy Vader, en deurdat God die Vader die Vader van die Messias is. Een voorbeeld is in Matthéüs 16:16, waar (Simon) Petrus sy groot skuldbekentenis aflê en letterlik sê: *U is die Christus, die Seun van die lewende God*. Petrus het Yeshua as die Seun van God erken en daarom is God die Vader die Vader van die Messias. Ander voorbeelde hiervan word in Markus 15:39 en Romeine 8:32 gevind. Ander mense het Jesus as die Seun van God erken en dit beklemtoon weer dat God die Vader die Vader van die Messias is.

5. Erken deur demone

Die vyfde manier waarop ons God se Vaderskap kan sien, is dat die demone ook erken het dat Yeshua die Seun van God is. Een voorbeeld kan gevind word in Matthéüs 8:28–29: *En toe Hy aan die oorkant kom, in die land van die Gergeséners, het twee duivelbesetenes Hom ontmoet, wat uit die grafte uitgekom het en baie kwaai was, sodat niemand met daardie pad kon verbygaan nie. En meteens skreeu hulle en sê: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God? Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig?* In hierdie verse praat die demone duidelik daarvoor en erken hulle dat Hy die Seun van God is. Dit beteken outomaties dat God die Vader van die Messias is.

B. Die Vader van die skepping

Die tweede aspek van God se Vaderskap wat ons hier aanraak is dat Hy die Vader van die skepping is. Een voorbeeld van hierdie waarheid is te vinde in 1 Korintiërs 8:6: *tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom*. In hierdie gedeelte word die Vader aangespreek as God, die Vader en word hy met die skepping verbind deurdat Hy die Vader van die skepping is.

'n Tweede voorbeeld is te sien in Jakobus 1:17: *Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie*. In hierdie vers word Hy aangespreek as die Vader en word Hy 'die Vader van die ligte' genoem, 'n titel wat Hom met die skepping self verbind.

C. Die Vader van engele

Die derde aspek van God se Vaderskap is dat Hy die Vader van alle engele is. Om daardie rede word daar na engele verwys as die seuns van God. Daar is vier Skrifgedeeltes wat hierdie waarheid onderrig. Die eerste gedeelte is Genesis 6:1–4, wat van die seuns van God praat. Party mense glo die woorde 'seuns van God' in die boek van Genesis verwys na die afstammeling van Set teenoor die afstammeling van Kain. Die ander drie gedeeltes, Job 1:6; 2:1 en 38:7, wys duidelik dat die woorde 'seuns van God' na engele verwys. Al hierdie Skrifgedeeltes gebruik die woorde 'seuns van God' en in daardie konteks twyfel niemand dat hulle na engele verwys nie. Daar moet konsekwentheid wees en daarom moet Genesis 6 ook na engele verwys.

D. Die Vader van alle mense

Die vierde aspek van God se Vaderskap is dat Hy die Vader van alle mense is. Ons lees hieroor in Handeling 17:29: *As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie*. Hierdie vers verklaar dat alle mense die nageslag van God is. Aan die een kant is God se Vaderskap universeel, want Hy is die Vader van alle mense omdat Hy die mens se Skepper is. Só is Hy dan ook die Vader van alle engele. Dit is egter jammer dat sekere groepe liberale mense besluit het om hierdie eienskap uit te lig en die ander te ignoreer. Ja, die Bybel leer ons dat God se Vaderskap universeel is. Hy is inderdaad die Vader van alle mense, maar op 'n spesifieke manier: as Skepper teenoor skepsel. Dit beteken nie, soos wat party mense ons wil leer, dat daar outomaties 'n universele verlossing plaasvind en dat alle mense in elk geval gered sal word nie. Die Bybel leer ons nie dat alle mense gered gaan word nie. Die feit dat God die Vader is van alle mense

beteken nie alle mense gaan gered word nie; dit beteken slegs God is die Skepper van alle mense.

'n Ander voorbeeld waar daar gesê word Hy is die Vader van alle mense is te vinde in Efesiërs 3:14–15: *Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang.* In hierdie gedeelte word die konsepte van familie en die Vaderskap van God bymekaargebring. Dit beklemtoon ook dat God se Vaderskap universeel is. Hy is die Vader van alle mense op grond van die feit dat Hy die Skepper van alle mense is.

'n Derde voorbeeld kom voor in Hebreërs 12:9: *Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie?* Hier word daar sonder onderskeid van God die Vader gepraat as 'die Vader van die geeste'. Hy is die Vader van alle mense, nie wat verlossing betref nie, maar wel wat skepping betref. God se Vaderskap is universeel omdat Hy die Skepper van alle mense is.

E. Die Vader van Israel

Die vyfde aspek van God se Vaderskap is dat Hy ook die Vader van Israel is. Dit kom 'n hele paar keer in die Ou Testament voor. Een voorbeeld daarvan is in Eksodus 4:22: *Dan moet jy vir Faraó sê: So spreek die Here: My eersgebore seun is Israel.* God het Israel Jehovah se seun genoem. As 'n nasie is Israel die nasionale seun van God. Geen nasie is ooit die seun van God genoem nie, behalwe vir een, naamlik Israel.

'n Tweede voorbeeld word in Deuteronomium 32:6 gevind: *Durf julle dit die Here vergelde, o dwase en onwyse volk? Is Hý nie jou Vader wat jou geskape het nie; het Hý jou nie gemaak en jou toeberei nie?* In hierdie gedeelte wys Moses baie deeglik vir ons dat God die Vader ook die Vader van Israel is, en dat Israel, as 'n nasie, God se seun is.

'n Derde voorbeeld is in Jesaja 64:8, waar gesê word Israel is die seun van God.

'n Vierde voorbeeld kom voor in Jeremia 3:4.

'n Vyfde voorbeeld is te vinde in Hosea 11:1: *Toe Israel 'n kind was, het Ek hom liefgehad, en uit Egipte het Ek my seun geroep.* Laastens plaas Maleagi 1:6 ook klem op die unieke verhouding van Israel as die seun van God: *'n Seun eer die vader, en 'n kneg sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is my eer? En as Ek 'n Heer is, waar is die vrees vir My? sê die Here van die leërskaare aan julle, o priesters, wat my Naam verag! Maar julle sê: Waardeer het ons u Naam verag?* Wanneer God Israel aanspreek, herinner Hy hulle dat Hy hul Vader is en dat Israel sy seun is.

F. Die Vader van gelowiges

Die sesde aspek van God se Vaderskap is dat Hy die Vader van gelowiges is. In Johannes 1:12 staan daar: *Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.* Dit is die unieke verhouding waarin dit oor die verlossing gaan. Wanneer daar van God die Vader gepraat word as die Vader van alle mense, benadruk dit dat God die Skepper van alle mense is, die een van wie alle mense hul lewens ontvang het. Dit waarborg egter nie die verlossing van alle mense nie omdat elke individu 'n persoonlike keuse oor geloof moet maak. Dit is uniek dat God die Vader ook die Vader van gelowiges is en dit gebeur op grond van die wedergeboorte. Dit is hierdie verhouding van God die Vader tot gelowiges wat die verlossingsaspek weerspieël. Ander gedeeltes wat na God verwys as die Vader van gelowiges sluit in Mattheüs 5:45; 6:6–15; Romeine 8:14–16 en 1 Johannes 3:1.

II. DIE WERKE VAN GOD DIE VADER

Die tweede gedeelte in die studie van God die Vader het te make met sy werke. Die aspekte van sy Vaderskap onderskei Hom van die ander twee Persone van die Drie-eenheid ten opsigte van persoonlikheid. Die werke van God onderskei Hom weer van die werke van die Seun en die Heilige Gees.

Daar is vyf werke van God die Vader wat hier genoem moet word. Eerstens, God die Vader genereer die Seun tot in alle ewigheid (Johannes 5:17–26). Tweedens is dit God die Vader wat die skrywer is van die gebod wat alles wat sy wil is bewerkstellig (Psalm 2:7–9). Derdens word daar gesê die uitverkiesing is die werk van God die Vader (Efesiërs 1:3–6). Vierdens is dit God die Vader wat die Seun gestuur het om die werk van verlossing

te doen (Johannes 5:36). Laastens is dit God die Vader wat sy kinders dissiplineer. Omdat Hy die Vader van gelowiges is, het Hy die reg om gelowiges te dissiplineer. Die werk van goddelike dissipline is 'n werk van God die Vader (Hebreërs 12:9).

AS U HIERDIE BYBELSTUDIE GENIET HET, BEVEEL DR. FRUCHTENBAUM AAN:

MBS022, 047, 050 en 186.